

Maandbrief aan gemeente - 10 Desember 2020

Liewe Gemeentelid

Daar sal voortaan 'n **Maandbrief** aan u gestuur word waarin belangrike inligting gemeld word ter aanvulling van die gemeente kalender en weeklikse **PADKOS**... Die laaste uitgawe van **PADKOS**... vir 2020 sal dié een wees vir die week van 13 tot 19 Desember. Die eerste uitgawe vir 2021 sal DV op 15 Januarie uitgestuur word. Die volgende uitgawe van die **Maandbrief** sal einde Januarie aan u deurgestuur word.

Laat weet asb. die kerkkantoor as daar ander gemeente-inligting is wat u ook graag in die **Maandbrief** wil laat opneem. Dalk kan u 'n besondere naam vir die **Maandbrief** voorstel.

Ten spyte van 'n deurmekaar jaar kon die Redstone geleentheid tog in November plaasvind. Daar was 223 deelnemers aan die verskillende items en vanjaar was daar vir die eerste keer ook perderuiters. Redstone word deur 'n trust georganiseer m.b.v. Jakhals Events. Die wins word verdeel tussen instansies/individue wat diens in die gemeenskap verrig. Die bedrag wat vanjaar beskikbaar sal wees, is nog nie finaal nie, maar mense wat dink hulle kwalifiseer volgens die riglyne van die trust, kan reeds aansoek doen by mrchrisball@gmail.com of welgevon@gmail.com

Die voordeel wat die kerk uit Redstone trek is die geleentheid om kos, vleis, pannekoek, ens. te verkoop om ons fondse aan te vul. As gevolg van die Covid19-regulasies kon ons nie die volle voordeel daaruit trek nie, maar in die verlede was dit een van die groot insamelings van die kerk. Op 7 & 8 Mei 2021 het ons weer 'n kans. Dink solank aan vleis, pannekoek, boepensbroodjies en alles wat lekker is. Die mense het hierdie jaar gevra daarvoor. Ons moet Redstone egter nie net sien in terme van 'n geleentheid om fondse in te samel nie. Dit is ook 'n wonderlike geleentheid om mense te leer ken, die kerk se gesig te wys en diensbaar te wees.

Geniet die wegbreek en u word almal 'n geseënde en veilige Kersseisoen toegewens.

Bestuurspan

BELANGRIKE INLIGTING

Eredienste tydens Kersvakansie in kerkgebou:

20 Desember om 09:30 - gasprediker

Kersdag 25 Desember om 08:00 - gasprediker

Geen erediens op Sondag 27 Desember.

3 en 10 Januarie om 09:30 - gasprediker

Dr. Philip Venter sal die eredienste waarneem op 17 en 24 Januarie 2021.

Ds. Jan Bronkhorst sal die erediens op 31 Januarie 2021 waarneem.

Kerkkantoor:

Sluit om 13:00 op Dinsdag 15 Desember 2020

Heropen om 08:00 op Maandag 18 Januarie 2021.

Vir enige navrae gedurende hierdie tydperk kan u 066 288 0048 skakel.

Pastorale hulp gedurende tydperk 15 Desember 2020 tot 30 Januarie 2021.
Skakel 066 288 0048 en u sal verwys word na die aangewese persoon wat kan help.

Ds. Jan Bronkhorst met verlof vanaf 15 Desember 2020 tot 30 Januarie 2021.

Kerkalmanak 2021

DV beskikbaar by Kerkkantoor op 15 Desember en sal in kerkgebou geplaas word.

SKOLE OPEN 2021

Leerlinge - 27 Januarie

Kerkraadvergadering

31 Januarie 2021 na die ere diens om 11:00 o.l.v. Ds. Jan Bronkhorst.